# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/11)*

*Justin Chadwick (24 Junie 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK*** *"The difference between agriculture and the roller-coaster industry is that the roller-coaster industry gets its money at the start and agriculture must try to get it in the middle of the ride."* Dirk Bandsman

## MALEISIë

DAFF het voortgegaan om te probeer om met die Maleise owerhede kontak te maak om die geldigheid van die gepubliseerde standaarde met betrekking tot 3P merkvereistes vir produkte (insluitend sitrus), wat deur Maleisië ingevoer word, te bevestig. Geen amptelike terugvoering is tot op hede ontvang nie, maar uitvoerders wat moontlike afkeurings van vrugte wil verhoed, word versoek om CGA se webtuiste (www.cga.co.za) vir die vereistes te besoek. Die nuutste inligting dui daarop dat hierdie vereistes op 1 Julie 2011 in werking sal tree. Uitvoerders sal nodig hê om hul merkvereistes vir hierdie mark dienooreenkomstig te verander. CGA sal voortgaan om met DAFF te vergader om te bepaal of daar enige moontlikheid bestaan dat hierdie vereistes verslap kan word.

## MEDIA GROEP VANAF DIE VK BESOEK DIE POMELO STREKE VOLGENDE WEEK

RED Communications gaan twee joernaliste volgende week na Suid-Afrika, as deel van die markontwikkelingsprogram vir die VK, bring. Hul arriveer op Dinsdag, die 28 ste en sal CRI en pakhuise en boorde in die Onderberg-streek besoek. **Op die 29ste gaan RED 'n aanbieding oor hul verbruikersnavorsing en die 2011 VK-veldtog gee – alle pomelo produsente word versoek om dit by te woon – die vergadering begin om 09:00 by CRI Nelspruit.** Asseblief rsvp na Gloria@cga.co.za as jy dit kan bywoon.

## HOEKOM HAASTIG WEES?

Die 2011-seisoen is beskryf as "on a knife's edge" tydens die Sitrusbemarkingsforum (CMF) se vergadering op Woensdag. Die 2011 skatting is af van 2010 se hoogtes, en dit is veral die geval by lemoene waar die aanvanklike laer skatting van nawel-uitvoere nou selfs verder verminder het. Die totale skatting vir lemoene staan nou op 'n goeie 8 miljoen kartonne (12 000 ton of 12%) minder as die hoogtes van 2010. Terselftertyd is daar geen noemenswaardige aanvraag vanuit die markte nie. Uitvoerders pak en verskeep teen 'n baie hoë tempo wat 'n vroeë einde van die seisoen kan beteken. CMF-lede en suider-Afrikaanse uitvoerders word versoek om goed na hul beplanning van verskeping vir die res van die seisoen te kyk – dit sal wys wees om die tempo te vertraag, die mark eweredig vir die res van die seisoen te voorsien en die opeenhoping van voorraad in die mark te verminder. Die opbou van voorraad is onnodig omdat daar hierdie jaar minder voorsien gaan word – en om alles vroeg te verskeep tot nadeel van later in die seisoen maak net nie sin nie. CMF lede is daaraan herinner dat Egiptiese en Marokkaanse lemoene langer in die mark as normaal was, en dit het die impak van die vroeë verskepings vanuit die suidelike halfrond vererger. Die beste sal wees om 'n benadering vir die hele seisoen te hê en te verseker dat die mark eweredig regdeur tot aan die einde van Oktober voorsien word.

## SUID-KOREA: TOEGANG VIR POMELO'S EN SUURLEMOENE

Vir jare gebeur daar niks en skielik gebeur alles in 'n week!! Na jare se gewag vir'n antwoord vanaf die Suid-Koreaanse Owerhede op 'n aansoek om toegang na daardie mark vir pomelo's en suurlemoene uit te brei (ons het reeds toegang vir soet lemoene), het DAFF terugvoering ontvang dat hul gereed is om 'n afvaardiging na Suid-Afrika te stuur – VOLGENDE WEEK. DAFF (dankie aan Juliet et al), CGA (dankie aan Paul, Gloria en Faisal) en ander het verwoed kaartjies bespreek, reis en akkommodasie reëlings getref en befondsing in plek vir die reis gekry. As alles goed gaan, kan dit in 2012 'n werklikheid wees.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

Die **Valencia** Fokusgroep het die afgelope week vergader en besluit om hul voorspelling onveranderd te laat – die eerste valencias word nou gepak. Swaar reëns in week 24 het 'n invloed op die paktempo in party van die streke gehad. Verskeping na die **Midde-Ooste** is feitlik 'n weerspieëling van die 2010 syfers (lemoene 29%; suurlemoene 38% en sagte sitrus 8%). **Pomelo**-uitvoere in totaal is ook soortgelyk as in 2010 (Noord-Europa 41%; Japan 27%; Rusland 12% Suid-Europa 7% en die VK 5%) – al is dit met groter volumes. **Noord-Europa** het minder lemoene ontvang (2011 22%; 2010 26%) en ook minder suurlemoene (2011 11%; 2010 18%); die verskil is grootliks deur **Rusland** geneem (lemoene 2011 22%; 2010 15% & suurlemoene 2011 26%; 2010 15%). Rusland het ook begin om van Suid-Afrikaanse sagte sitrus te hou (2011 18%; 2010 11%). Die sagte sitrus vir Rusland is grootliks van die **VK** geneem (2011 39%; 2010 50%). Andersins is die verspreiding van verskepings soortgelyk as die van 2010 – **lemoene**; VK 6%, Verre Ooste en VSA beide 4%, **suurlemoene**; Verre Ooste 9% en VK 7%, **sagte sitrus;** Noord-Europa 17% en Verre Ooste 7%.

| Tot Week 24 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verske ep | Verskee p | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 9.8 m | 9.2 m | 10.6 m | 8.1 m | 10 m | 14.7m | 14.7m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 4.6 m | 5.3 m | 4.8 m | 4.5 m | 4.2 m | 7.9m | 7.5m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 4.3 m | 5.8 m | 5.1 m | 4.7 m | 4.3 m | 9.8m | 9.5m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 9.8 m | 11.9 m | 10.5 m | 8.9 m | 8.1 m | 19.4m | 18.6 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencia | 1.5 m | 1.5 m | 1.6 m | - | - | 42.9m | 42.8m | 46.5m | 45.9m |
| | 30 m | 33.7 m | 32.6 m | 26.1 m | 26.6 m | 94.7m | 93.1m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**